

Lapslang vir 'n speelmaat

Maak 'n vrolike, helderkleurige ongedierte vir 'n kleinding

Jy benodig

Fasco: 25 x 60 cm geel, 25 x 90 cm pienk, pers en turkoois, wit en swart reslappies vir oë; kapokvulsel; bypassende masjiengare.

Maak só

- Knip 1 reghoek uit elke kleur. Verdeel reghoeke in 7 dele, 25 x 30 cm elk. Een geel reghoek is vir kop.
- Stik reghoeke aan mekaar, kort kante teen mekaar, regte kante op mekaar om 1 lang strook te vorm. Pars. Vou oorlangs in helfte, regte kante op mekaar. Knip stertpunt in ronding. Stik lang synaat in. Laat naatopening in middel van lyf vir vulsel.

- Knip 2 dele vir kop- en 1 vir mondpatroondeel. Appliek oë op gesigdeel. Stik synate van kopdeel toe. Stik monddedeelte vas.

- Keer "sloop" uit by opening. Plaas kopdeel op lyfdeel, regte kante teen mekaar. Stik. Maak kepies by rondings.

- Stop taamlik styf met kapokvulsel. Werk opening toe met glipsoomstekies.

